



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## VERBRUIKERSTUDIES

## NOVEMBER 2021

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 200**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 19 bladsye.**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: KORTVRAE

### VRAAG 1

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.1 | 1.1.1 | B✓ | *Onthou, maklik (Verken, p.157, Suksesvol, p.173)* | (1) |
| | 1.1.2 | C✓ | *Onthou, maklik (Verken, p.158-159, Suksesvol, p.175)* | (1) |
| | 1.1.3 | B✓ | *Onthou, maklik (Verken, p.167, Suksesvol, p.185)* | (1) |
| | 1.1.4 | D✓ | *Verstaan, maklik (Verken, p.170, Suksesvol, p.193)* | (1) |
| | 1.1.5 | A✓ | *Onthou, maklik (Verken, p.166, Suksesvol, p.184)* | (1) |
| | 1.1.6 | A✓ | *Onthou, maklik (Verken, p.72; Suksesvol, p.79, 80)* | (1) |
| | 1.1.7 | D✓ | *Verstaan, matig (Verken, p. 89, Suksesvol, p.103)* | (1) |
| | 1.1.8 | B✓ | *Onthou, maklik (Verken, p.98; Suksesvol, p.118)* | (1) |
| | 1.1.9 | C✓ | *Onthou, maklik (Verken, p.71; Suksesvol, p.77)* | (1) |
| | 1.1.10 | B✓ | *Verstaan, maklik (Verken, p.103; Suksesvol, p.123)* | (1) |
| | 1.1.11 | D✓ | *Verstaan, maklik (Verken, p.49; Suksesvol, p.53)* | (1) |
| | 1.1.12 | A✓ | *Onthou, maklik (Verken, p.54; Suksesvol, p.57)* | (1) |
| | 1.1.13 | C✓ | *Onthou, maklik (Verken, p.148; Suksesvol, p.162)* | (1) |
| | 1.1.14 | D✓ | *Onthou, maklik (Verken, p.118; Suksesvol, p.137)* | (1) |
| | 1.1.15 | C✓ | *Onthou, maklik (Verken, p.120; Suksesvol, p.139)* | (1) |
| | 1.1.16 | A✓ | *Onthou, maklik (Verken, p.40; Suksesvol, p.42 )* | (1) |
| | 1.1.17 | C✓ | *Onthou, maklik (Verken, p. 35; Suksesvol, p.35)* | (1) |
| | 1.1.18 | A✓ | *Verstaan, matig (Verken, p.13; Suksesvol, p.19)* | (1) |
| | 1.1.19 | B✓ | *Verstaan, matig (Verken, p.37; Suksesvol, p.39)* | (1) |
| | 1.1.20 | D✓ | *Verstaan, maklik (Verken, p.10; Suksesvol, p.17)* | (1) |

1.2 B✓

E✓

G✓

H✓ (Enige volgorde) (4)

*Onthou, maklik (Verken, p.121; Suksesvol, p.138)*

1.3 1.3.1 F✓

1.3.2 C✓

1.3.3 E✓

1.3.4 A✓ (4)

*Verstaan, matig (Verken, p.12-18; Suksesvol, p.21-22)*

1.4 1.4.1 D✓

1.4.2 G✓

1.4.3 A✓

1.4.4 E✓ (4)

*Verstaan, matig (Verken, p.92-94; Suksesvol, p.113-114)*

1.5 1.5.1 Vrystellings/ uitsluiting/ vrystellings/ vrywaringsklousule✓
*(Verken, p.156; Suksesvol, p.173)*

1.5.2 Uitvissing/ Swendelskema (Hengel)✓
(*Verken, p.159; Suksesvol, p.177)*

1.5.3 Grysgoedere/ Parallele invoere✓*(Verken, p.158; Suksesvol, p.176)*

1.5.4 Onbillike sakepraktyke✓ (*Verken, p.157; Suksesvol, p.174 )* (4)

*Verstaan, matig*

1.6 B✓

C✓

E✓

G✓ (Enige volgorde) (4)

*Analisering, moeilik (Graad 11)*

**[40]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: LANGVRAE

## VRAAG 2: DIE VERBRUIKER

**2.1 Noem die dokument wat 'n wettige ooreenkoms tussen twee of meer partye is.**

Kontrak✓ (1)

*Onthou, maklik (Verken, p.155; Suksesvol, p.169)*

**2.2 Gee TWEE voorbeelde van fossiel brandstof as 'n vorm van energie.**

- Steenkool✓[1]
- Olie/ parafien/ karosene✓[2]
- Natuurlike Gas/ Gas✓[3] (Enige 2) (2)

*Onthou, maklik (Verken, p.169-170; Suksesvol, p.190)*

**2.3 Definieer die term *repokoers.***

Die rentekoers waarteen die kommersiële banke✓[1] geld van die Reserwe bank kan leen.✓[2]

**OF**

Die basis✓[3] vir die berekening van die rentekoers is die Suid Afrikaanse Reserwe Bank✓[4] se Terugkoopkoers (repokoers). (2)

*Onthou, maklik (Verken, p.166; Suksesvol, p.184)*

**2.4 Noem DRIE maniere waarop verbruikers elektrisiteit kan bespaar wanneer ligte in die huis gebruik word.**

- Skakel ligte af wanneer dit nie benodig word nie.✓[1]
- Gebruik gloeilampies met lae wattverbruik waar moontlik/ gebruik minder gloeilampies met hoër wattverbruik.✓[2]
- Vervang konvensionele gloeilampies met energiebesparende/ kompak-fluoorligte. (CFL)/ LED ligte.✓[3]
- Gebruik lae energie/ energiebesparende lampe/ sensors/ A-energie gradering gloeilamies.✓[4]
- Gebruik sonkrag ligte in die huis/ tuin.✓[5] (Enige 3) (3)

*Onthou, maklik (Verken, p.173; Suksesvol, p.192)*

**2.5 2.5.1 Noem wie voorlopige belasting behoort te betaal.**

Belastingbetalers wat nie 'n vaste inkomste verdien nie/ vasgestel is nie/ belastingbetalers met 'n onreëlmatige/ ongereelde inkomste/ mense met ander inkomste as 'n gereelde salaris/ boere/ besigheidseienaars.✓ (1)

*Toepassing, matig (Verken, p. 163; Suksesvol, p.181)*

**2.5.2 Verduidelik hoe voorlopige belasting aan SAID betaal word.**

- Voorlopige belasting word in die vorm van twee paaiemente/ tweekeer per jaar betaal✓[1] uit inkomste wat tydens die eerste jaar ontvang was (in plaas van in die vorm van 'n enkele groot som geld na die einde van die jaar).
- Belasting word twee keer per jaar betaal gebaseer op die geskatte belasbare inkomste.✓[2] (2)

*Verstaan, matig (Verken, p.163; Suksesvol, p.181)*

**2.6 2.6.1 Identifiseer die tipe klub wat hierbo beskryf word.**

Stokvel/ Gemeenskap gebaseerde spaarklub✓ (1)

*Verstaan, maklik (Verken, p.161-165; Suksesvol, p.177)*

**2.6.2 Noem DRIE vereistes wat Siyabuthana moet aan voldoen om as 'n wettige klub beskou te kan word.**

- Al die lede moet weet hoeveel geld✓[1] elkeen sal belê, hoe✓[2] die geld belê sal word en wie die geld sal bestuur.✓[3]
- Al die lede moet saamstem oor die risiko wat hulle bereid is om te neem.✓[4]
- Alle bydraes moet aan 'n gemeenskaplike fonds gemaak word.✓[5]
- Alle lede moet voordeel uit die klub trek.✓[6]
- Daar moet saamgestem word oor die sperdatum vir die betaling van maandelikse bydraes.✓[7]
- Alle lede moet weet hoe gereeld vergaderings gehou gaan word.✓[8]
- Alle lede moet weet hoe gereeld uitbetalings gemaak gaan word✓[9] en wanneer dit 'n spesifieke lid se beurt sal wees om voordeel uit dit geld te trek.✓[10] (Enige 3) (3)

*Verstaan, matig (Verken, p.161-162; Suksesvol, p.178)*

**2.7 Adviseer die gemeenskap oor hoe om elk van die volgende effektief te gebruik om water te bespaar:**

**2.7.1 Krane**

- Maak seker dat daar geen krane is wat drup nie/ herstel krane wat drup/ lek.✓[1]
- Installeer kraanbelugters omdat dit die watervloei met 50 –70% verminder.✓[2]
- Draai die water toe terwyl jy jou tande borsel/ klere uitspoel/ skottelgoed was/ hande was.✓[3]
- Plaas ‘n emmer onder ‘n lekkende kraan en gebruik die water vir ‘n ander doel.✓[4]
- Gebruik ‘n koppie of ‘n glas wanneer water gedrink word, moenie van ‘n lopende kraan af drink nie.✓[5]
- Installeer sensor krane.✓[6] (Enige 3) (3)

*Verstaan, maklik (Verken, p.180; Suksesvol, p.199)*

**2.7.2 Toilette**

- Plaas 'n plastiekbottel vol water/ baksteen in die spoelbak om die hoeveelheid water wat met elke spoel gebruik word, te verminder.✓[1]
- Maak seker dat die toilet/ spoelbak/ pype nie lek nie.✓[2]
- Lig die handvatsel nadat die vloeistof weggespoel het, om die hoeveelheid water wat weggespoel word, te verminder.✓[3]
- Gebruik bad/ stort/ wasmasjien/ swembad water om die toilet te spoel.✓[4]
- Installeer ‘n dubbel spoelsisteem.✓[5]
- Spoel slegs wanneer nodig.✓[6] (Enige 3) (3)

*Verstaan, maklik (Verken, p.180; Suksesvol, p.199)*

**2.8 2.8.1 Definieer die term *swendelskema*.**

**'n Swendelskema** is 'n valse en oneerlike besigheidstransaksie✓[1] wat dikwels verbind is aan georganiseerde misdaad.✓[2]

**OF**

**'n Swendelskema** is 'n oneerlike skema✓[3] wat gewoonlik 'n niksvermoedende verbruiker op 'n oneerlike wyse oorreed om 'n buitensporige prys/ bedrag vir goedere en dienste te betaal.✓[4] (2)

*Onthou, maklik (Verken, p.159; Suksesvol, p.176-177)*

**2.8.2 Identifiseer en verduidelik DRIE waarskuwingstekens wat aandui dat hierdie advertensie 'n swendelskema is.**

- Dit is 'n aanlyn ontwerpersklerewinkel/ het geen naam/ adres/ webtuiste✓[1] mag nie bestaan nie/ kan nie nagevors word nie.✓[2]
- 'n Gesertifiseerde ID kopie✓[3] moet deur WhatsApp aangestuur word wat gebruik kan word vir identiteit diefstal.✓[4]
- WhatsApp word vir kommunikasie gebruik,✓[5] is ‘n nie-amptelike platform vir aansoek vir werk nie.✓[6]
- Deposito van R250 moet deur kitsgeld/ kontant/ ”e-wallet”✓[7] betaal word, daar sal geen spoor van die geld wees indien die kontaknommer wat verskaf is, vernietig word.✓[8]
- Die eerste 30 potensiële modelle wat reageer, ontvang die volle kontant terug✓[9] daar mag geen kontant aan enige iemand terugbetaal word nie/ swendelaar(s) mag met die geld verdwyn.✓[10]
- Bankbesonderhede✓[11] mag gebruik word om geld van aansoekers te steel.✓[12] (Enige 3 x 2) (6)

*Toepassing, matig (Verken, p.159; Suksesvol, p.176-177; Newspaper article)*

**2.9 Verduidelik hoe gebrekkige vullisverwydering 'n negatiewe impak op 'n gemeenskap kan hê.**

- Indien vullis nie gereeld verwyder/ gekollekteer word nie, sal dit bydra tot die skepping van 'n ongesonde omgewing/ wat siektes✓[1] meer peste/ vlieë/ rotte/ mikroörganismes/ onooglik/ slegte reuke veroorsaak.✓[2]
- Dit skep 'n onveilige✓[3] leefomgewing omdat mense/ diere deur vullis mag krap.✓[4]
- Dit is onveilig omdat dit ‘n fisiese gevaar vir kinders inhou.✓[5]
- Swak vullisverwyderingsdienste sal dit moeilik maak om besigheid/ industrie/ toeriste na die area aan te trek✓[6] en sal werksgeleenthede vir inwoners beperk✓[7] en ‘n negatiewe impak op die ekonomie het.✓[8]
- Dit mag 'n negatiewe effek op die moraal van die gemeenskap hê.✓[9]
- Dit kan water/ grondbesoedeling veroorsaak.✓[10]
- Plastiek wat rondlê mag gevaarlik vir diere wees.✓[11]
- Die eiendom in die area sal hul waarde verloor✓[12] weens ‘n gebrek aan diensverskaffing.
- Gebrek aan diensverskaffing mag protesaksie tot gevolg hê.✓[13]
- Vullis wat nie verwyder word, mag in stormwater dreineringstelsels beland, wat oorstromings mag veroorsaak.✓[14] (Enige 3) (3)

*Toepassing, matig (Verken, p.182-183; Suksesvol, p.203-204)*

**2.10 Skryf 'n paragraaf om die styging in voedselpryse vanaf 2019 tot 2020 te regverdig.**

Inflasie✓[1] veroorsaak dat die pryse van goedere en dienste styg. Soos lone styg, styg die koste van arbeid/ en die salarisuitgawe sal styg.✓[2] Produksiekoste en die prys van grondstowwe styg✓[3] en hierdie stygings word aan die verbruiker oorgedra. Die koste van brandstof/ diesel het gestyg✓[4] dus styg vervoerkoste van die items.✓[5] Elektrisiteitpryse het oor jare gestyg,✓[6] wat die styging in voedselproduksiekoste tot gevolg gehad het✓[7] wat gely het tot die styging basiese kleinhandelspryse.✓[8] Sommige kleinhandelaars het hulle voedselpryse tydens die nasionale grendeltydperk opblaas.✓[9] Beperkte voorraad van sekere voedselintems het tot prysverhogings gely.✓[10] Vermindering in produksie van voedselitems het prysstygings tot gevolg gehad.✓[11] Droogte✓[12] in sekere dele van die land het tot 'n styging in voedselpryse gely. (Enige 8) (8)

*Analisering, moeilik (Verken, p.166-168; Suksesvol, p.184-185)*

**LET WEL:** Trek EEN punt af indien die antwoord nie in ‘n paragraaf geskryf is nie.

**[40]**

## VRAAG 3: VOEDSEL EN VOEDING

**3.1 Definieer die term *voedselbymiddels.***

Voedselbymiddels is natuurlike/ chemiesestowwe/ bestanddele✓[1] wat doelbewus by produkte tydens die prosessering/ produksieproses gevoeg word, om 'n spesifieke funksie te verrig.✓[2]

**OF**

Voedselbymiddels is stowwe/ ingredients✓[3] wat by voedsel gevoeg wordom hulle te preserveer/ geur/ tekstuur/ voorkoms te verbeter.✓[4] (2)

*Onthou, maklik (Verken, p.92; Suksesvol, p.110)*

**3.2 Noem die oorsaak van Tipe 1 diabetes.**

- Die pankreas selle is beskadig/ nie in staat✓[1] om insulien te produseer nie.✓[2]
- Dit is ‘n genetiese/ oorerflike component.✓[3] (Enige 2) (2)

*Onthou, maklik (Verken, p.72; Suksesvol, p.80)*

**3.3 Noem DRIE maniere waarop *E. coli* in 'n voedselomgewing oorgedra kan word.**

- Besmette voedsel te eet/ drink.✓[1]
- Halfgaar vleis te eet.✓[2]
- Ongepasteuriseerde (rou) melk te drink.✓[3]
- Groente wat deur dieremis besmet is te eet.✓[4]
- Besmette water te drink.✓[5]
- Voedsel met besmette water af te spoel.✓[6]
- Nie hande deeglik te was nadat die toilet besoek was/ voordat voedsel hanteer word.✓[7]
- Kruiskontaminasie/ gereedskap wat nie deeglik gewas is nie.✓[8]

(Enige 3) (3)

*Onthou, maklik (Verken, p.90; Suksesvol, p.106)*

**3.4 Bespreek die voordele wat die produksie van organiese voedsel op die natuurlike omgewing sal hê.**

- Grondkwaliteit word verbeter.✓[1]
- Watertoevoer word verbeter aangesien dit skoner bly omdat daar geen afloop van giftige chemikalieë/ grondwater word sonder chemikalieë gelaat.✓[2]
- Daar is geen/ minder omgewingsbesoedeling/ verminder koolstofvoetspoor.✓[3]
- Omgewingsvriendelike praktyke soos oeste rotasie/ wisselbou/ geen chemiese bemesting/ slegs natuurlike bemesting/ dieremis word gebruik sodat die omgewing volhou kan word.✓[4]
- Minder brandstof✓[5] word gebruik aangesien min/ geen brandstof word in die vervaardiging van organiese bemesting gebruik.✓[6] (Enige 4) (4)

*Verstaan, moeilik (Verken, p.104; Suksesvol, p.125)*

**3.5 Verduidelik hoe die DRIE nutriënte in die onderstaande lys van voedsels sal bydrae tot die voorkoming osteoporose.**

- Kalsium✓[1] in melk/ bene van die vis sal die bene versterk/ vehoog beendigtheid.✓[2]
- Fosfor✓[3] in die melk sal die bene versterk/ help met die absorpsie van kalsium.✓[4]
- Die vitamien D✓[5] in die melk/ ingemaakte vis sal help met die absorbsie van kalsium.✓[6]
- Proteïene✓[7] in vis/ melk help met bindweefsel/ kollageensintese.✓[8]

(Enige 3x2) (6)

*Verstaan, matig (Verken, p.76; Suksesvol, p.90)*
**LET WEL**: Versterk die bene kan slegs een punt toegeken word.

**3.6 Gebruik die onderstaande tabel om 'n vergelyking te tref tussen die dieetverwante gesondheidstoestande hipoglukemie en hiperglukemie met verwysing na:**

| | ASPEK | HIPOGLUKEMIE | HIPERGLUKEMIE |
|---|---|---|---|
| **3.6.1** | **Bloedglukose-vlakke** | Laag✓ (1) | Hoog✓ (1) |
| **3.6.2** | **Oorsake** | • Oorslaan van maaltye/ ongereelde etes✓[1]<br>• Oormatige oefening✓[2]<br>• Hoë GI voedsel op hul eie te eet✓[3]<br>• Pankreas produseer te veel insulien✓[4]<br>(Enige 2) (2) | • Diabetes/ suiker in die bloed bou op in plaas van om in energie omgeskep te word✓[1]<br>• Groot hoeveelhede hoë GI voedel in een maaltyd te eet✓[2] (2) |

(6)

*Onthou, matig (Verken, p.71; Suksesvol, p.78-79)*
**LET WEL:** Trek een punt af indien die antwoord nie in tabelformaat geskryf is nie.

**3.7 Noem VIER maniere waarop voedselbestraling die rakleeftyd van voedsel verleng.**

- Dit vertraag die rypwording van vrugte.✓[1]
- Beheer die uitloop van uie/ knoffel/ aartappels.✓[2]
- Vertraag die vergroening van aartappels.✓[3]
- Dit vernietig insekte wat ontbytgraan besmet.✓[4]
- Geprosesseerde vleis benodig minder preserveermiddels wanneer dit geprosesseer word.✓[5]
- Dit vernietig/ deaktiveer Salmonella/ patogeniese bakterie/ skadelike organismes.✓[6]
- Vernietig insekte in of op tropiese vrugte wat ingevoer en uitgevoer word.✓[7]

(Enige 4) (4)

*Verstaan, matig (Verken, p.105; Suksesvol, p.127)*

**3.8 Verduidelik hoe die regering en die gemeenskap voedselsekerheid tydens die 2020 nasionale grendel tydperk (lockdown) verseker het.**

- Die winkels het oop gebly✓[1] sodat mense elke dag toegang gehad het om voedsel aan te koop.✓[2]
- Werklose mense het sosiale verligtingstoelae/ R350.00 ontvang✓[3] om voedsel te koop✓[4] en ander sosiale toelae was verhoog en verleng✓[5] sodat mense basiese voedsel kon koop.
- Mense wat afgedank was of nie 'n salaris verdien het nie het WFV/ ”TERS”✓[6] ontvang sodat hulle aan kon hou om voedsel te koop.
- Voedselpakkies/ voedseldonasie✓[7] was deur die staat/ skole/ NRO/ kerke/ gemeenskappe uitgedeel.
- Skool voedingskemas/ voedingsprogramme het aangehou terwyl skole gesluit was.✓[8]
- Bure/ gemeenskappe het begin om mekaar met voedsel te ondertsteun.✓[9]
- Gemeenskapslede het hul eie groentetuine begin.✓[10]
- Boere het aanhou boer, selfs tydens die nasionale grendeltydperk.✓[11]

(Enige 5) (5)

*Toepassing, matig (Verken, p.106-107; Suksesvol, p.128-129)*

**3.9 Analiseer die geskiktheid van die voedselitems in die maaltydplan vir 'n diabeet.**

- Gewone laevet jogurt bevat baie min suiker/ koolhidrate/ vet✓[1] wat nie bloedglukosevlakke sal laat styg nie.✓[2]
- Groen blaargroentes is baie laag in koolhidrate✓[3] wat help met die regulering van bloedglukosevlakke.✓[4]
- Bruinrys het 'n lae GI✓[5] en is ryk in vesel✓[6] wat koolhidraatmetabolism verbeter✓[7] omdat glukose stadig in die bloed vrygestel word.✓[8] Dit voorsien 'n geleidelike toevoer van glukose in plaas van 'n skielike energie–opstuwing (styging).✓[9]
- Diabetes is 'n risiko faktor vir koronêre hartsiektes.✓[10]
- Rooivleis is hoog in versadigde vette/ LDL (laedigtheids-lipoproteïene)✓[11] wat die risiko van 'n hartaanval/ beroerte verhoog.✓[12]
- Roomys is hoog in suiker/ hoë GI,✓[13] wat die bloedglukosevlakke vinnig sal laat styg.✓[14] (Enige 7)

**Gevolgtrekking:** Die maaltydplan is geskik✓[15] omdat die meeste voedselitems 'n lae GI het/ ryk is in vesel en help om bloedglukosevlakke te reguleer. (1) (8)

*Analisering, moeilik (Verken, p.72-73; Suksesvol, p.82-83)*

**[40]**

## VRAAG 4: KLEDING

**4.1 Verduidelik die term *modegier*.**

- 'n Styl wat aanklank vind onder 'n (groot) groep mense✓[1] met groot entoesiasme en verdwyn dan baie vinnig.✓[2]

**OF**

- Iets wat groot aanvraag het✓[3] maar vir 'n baie kort tyd duur/ 'n baie kort lewensduur het/ slegs vir een seisoen duur.✓[4] (2)

*Onthou, maklik (Verken, p.49; Suksesvol, p.51)*

**4.2 Verskaf DRIE riglyne om in ag te neem wanneer skoene vir die wêreld van werk gekoop word.**

- Koop goeie gehalte (leer/ sweedsleer)/ duursame skoene.✓[1]
- Kies klassieke styl skoene/ skoene met skoon, eenvoudige lyne.✓[2]
- Kies gemaklike skoene/ wat goed pas.✓[3]
- Koop skoene wat by kledingstukke in jou klerekas pas/ neutrale kleure is meer veelsydig.✓[4]
- Skoene behoort dieselfde kleur/ donkerder as broeke/ some van rompe/ rokke te wees en moet by die kleur van die gordel inskakel.✓[5]
- Geskik vir die werkomgewing/ tipe werk.✓[6] (Enige 3) (3)

*Onthou, maklik (Verken, p.55; Suksesvol, p.62)*

**4.3 4.3.1 Noem TWEE stadia in die modesiklus waardeur gesigs-maskers sedert Maart 2020, gegaan het.**

- Die begin/ loods/ bekendstelling✓[1]
- Toename/ opgang✓[2]
- Die piek/ hoogtepunt✓[3] (Enige 2) (2)

*Verstaan, maklik (Verken, p.49-50; Suksesvol, p.50)*

**4.3.2 Verduidelik elk van die stadiums wat in VRAAG 4.3.1 genoem word.**

**Die begin/ loods/ bekendstelling**

- Gesigsmaskers was bekendgestel.✓[1]
- Min mense/ welbekende persoonlikhede/ leiers (Ministers/ President) het gesigsmaskers begin dra.✓[2]
- Duur✓[3]
- Beperkte voorraad✓[4] (Enige 2)

**Die toename/ opgang**

- Gesigsmaskers se gewildheid het toegeneem/ noodsaaklik geword.✓[5]
- Meer en meer mense het dit aanvaar om gesigsmaskers te dra.✓[6]
- Maskers het meer bekikbaar vir verbruikers geword.✓[7]

(Enige 2)

**Die piek/ hoogtepunt**

- Gesigsmaskers was in toenemende getalle geproduseer/massa geproduseer.✓[8]
- Gesigsmaskers het die hoogtepunt van gewildheid bereik/almal het dit gedra omdat dit verpligtend.✓[9]
- Gesigsmaskers het in winkels/ vanaf straatsmouse beskikbaar geword.✓[10]
- Pryse het gedaal/ goedkoper/ meer bekostigbaar✓[11] geword.
- Groot verskeidenheid beskikbaar.✓[12] (Enige 2) (4)

*Toepassing, matig (Verken, p.49-50; Suksesvol, p.50)*
**LET WEL:** Leerders kan oor enige twee stadia skryf.

**4.4 Bespreek die veelsydigheid van die baadjie as 'n klereitem om werk toe te dra.**

- Dit kan met verskillende kleur/ hempde/ broeke/ rompe/ rokke/ dasse✓[1] gemeng en pas word.✓[2]
- Dit kan in alle seisoene gedra word.✓[3]
- Dit kan met informele/ formele broeke/ rompe/ rokke/ hempde/ bloese gedra word.✓[4]
- Dit kan met swart/ bruin/ vlootblou skoene gedra word.✓[5]
- Die eenvoudigheid van die baadjie maak dit geskik om professioneel of informeel gedra te word.✓[6]
- Dit is 'n klassieke✓[7] item wat vir baie jare/ met verskillende modes gedra kan word.✓[8] (Enige 5) (5)

*Toepassing, matig (Verken, p.57-59; Suksesvol, p.64-65)*

**4.5 Bespreek hoe die hergebruik van klereitems sal bydra tot 'n volhoubare omgewing.**

- Die hergebruik van klere beteken dat nuwe klere/ kleedstof/ tekstiele nie geproduseer hoef te word nie✓[1] omdat minder nuwe kledingstukke gemaak sal word.✓[2] Dit verseker dat minder natuurlike hulpbronne gebruik hoef te word✓[3] aangesien kleedstof/ kledingstukke hergebruik word.
- Daar is minder skade aan die omgewing/ dit is omgewingsvriendelik✓[4] aangesien minder onbruikbare tekstiele in stortingsterreine sal beland✓[5] en dit verminder die koolstofvoetspoor.
- Minder chemikalieë/ kleurmiddels/ bleikmiddels word gebruik omdat minder nuwe klere vervaardig sal word.✓[6] Dit sal grondbesoedeling✓[7] en waterbesoedeling verminder.✓[8]
- Minder water✓[9] en elektrisiteit✓[10] word gebruik omdat die vervaardiging van nuwe klere verminder word.
- Minder vervoer✓[11] word benodig om klere te vervoer wat lugbesoedeling verminder.✓[12] (Enige 4) (4)

*Analisering, moeilik (Verken, p.62; Suksesvol, p.71)*

**[20]**

## VRAAG 5: BEHUISING EN INTERIEUR

**5.1 Noem DRIE uitgawes waarvoor die heffing gebruik word.**

- Betaal lone en salarisse van personeel wat vir die kompleks werk.✓[1]
- Instandhouding van geboue/ gemeenskaplike areas.✓[2]
- Betaal water vir die gemeenskaplike areas.✓[3]
- Betaal vir elektrisiteit vir die gemeenskaplike areas.✓[4]
- Betaal heffings en belasting (gemeenskaplike areas).✓[5]
- Betaal versekering vir die gemeenskaplike areas.✓[6]
- Ongelukke of beskadeging van die eiendom/ kompleks✓[7]
- Veiligheid en sekuriteit✓[8] (van die kompleks). (Enige 3) (3)

*Onthou, maklik (Verken, p.122; Suksesvol, p.140)*

**5.2 Teken die onderstaande tabel en verduidelik die voordele verbonde aan koop en huur van eiendom onder die volgende opskrifte:**

| | **5.2.1 EIENAARSKAP** | **5.2.2 BELEGGINGS** |
|---|---|---|
| **Koop** | Word die eienaar van die eiendom.✓[1] (1) | Goeie belegging/ akkumuleer rykdom/ waarde van die eiendom verhoog/ kan aan die kinders nagelaat word.✓[4] (1) |
| **Verhuur** | Verhuurder bly die eienaar van eiendom✓[2] (Die huurder besit nie die eiendom nie) (1) | Dit is 'n belegging/ bate vir die verhuurder.✓[5] (Die huurder help om die eienaar se verbandlening af te betaal) (1) |
| **Huur** | Nie die eienaar nie dus is daar minder verantwoordelikheid/ instandhouding/ minder maandelikse uitgawes/ makliker om te verhuis.✓[3] (1) | Dit is goekoper om te huur omdat daar minder maandelikse uitgawes is en die geld wat gespaar was kan belê word.✓[6] (Enige 1) (1) |

(4)

*Onthou, maklik (Verken, p.118, 122; Suksesvol, p.137, 140)*

**LET WEL:** Trek een punt af indien die antwoord nie in tabelformaat geskryf is nie.
**:** Enige TWEE vir eienaarskap en TWEE vir Beleggings.

**5.3 5.3.1 Identifiseer die stoof wat die meeste nie-menslike energie verbruik.**

Stoof A✓ (1)

*Verstaan, maklik (Verken, p.139; Suksesvol, p.160)*

**5.3.2 Gee 'n rede vir die antwoord in vraag 5.3.1.**

Stoof A gebruik gas sowel as elektrisiteit,✓ terwyl stoof B slegs gas gebruik. (1)

*Verstaan, maklik (Verken, p.139; Suksesvol, p.160)*

**5.3.3 Verduidelik waarom stoof B die mees geskikste keuse is.**

- Gas maak voedsel vinniger gaar/ verskaf kitshitte en sal tyd bespaar.✓[1]
- Dit kan tydens beurtkrag gebruik word.✓[2]
- Die hele stoof gebruik gas en dit sal elektrisiteit✓[3] en koste bespaar omdat gas goedkoper✓[4] as elektrisiteit is. (Enige 3) (3)

*Verstaan, matig (Verken, p.134,136; Suksesvol, p.160)*

**5.3.4 Bereken die totale prys van stoof B as dit gekoop word op 'n afbetalingskooptransaksie. Toon ALLE berekenings.**

R 400,00 x 24✓[1] = R9600 + R395✓[2] (deposito)
= R9 995,00✓[3]

**OF**

R395✓[4] + (R400,00 x 24)✓[5]
R395 + R9 600,00
= R9 995,00✓[6] (3)

*Toepassing, matig (Verken, p.148; Suksesvol, p.162)*

**5.4 Verduidelik die moontlike finansiële impak van die 2020 nasionale grendel tydperk op die verhuurders van eiendom.**

**Verhuurders:**

- Geen uitsetting van huurders kon plaasvind, indien hulle nie die huur kon betaal nie**.**✓[1]
- Verlies aan inkomste van die verhuurde eiendom✓[2] indien huurders nie die huur kon betaal nie.
- Dit kon moeilik wees om nuwe huurders te vind✓[3] indien huurders uitgetrek het.
- Sommige huurder kon verhuis het om met familielede te woon en eiendomme kon sonder toesig gelaat was.✓[4] Dit kon aanleiding gee tot vandalisme,✓[5] en onvoorsiene uitgawes om skade te herstel.✓[6]
- Verhuurders was moontlik nie in staat om tariewe en erfbelasting/ instanthoudings te betaal nie.✓[7]
- Verhuurders kon gedwing was om die huurbedrag te verminder✓[8] om nuwe huurders aan te trek.✓[9]
- Verhuurders mag dalk nie in staat was om die eiendom se verbandlening/ huislening te bekostig nie✓[10] en kon vir onderbreking in betaling gevra het wat meer skuld/ rente op verbandbetaling tot gevolg kon hê.✓[11]
- Hulle moes dalk die eiendom teen laer/ onder die markwaarde se prys verkoop✓[12] en 'n verlies op die oorspronklike eiendom se koop/ markwaarde prys ly.✓[13]
- Rentekoerse was verminder wat laer verbandterugbetaling✓[14] tot gevolg gehad het, verband kon vinniger afbetaling word .✓[15] (Enige 5) (5)

*Analisering, moeilik (Stelling)*

**[20]**

## VRAAG 6: ENTREPRENEURSKAP

**6.1 Definieer die term *winsopslag.***

Die bedrag/ persentasie✓[1] wat by die kosprys van goedere gevoeg word om die bokoste/ oorhoofse uitgawes/ bedryfskoste✓[2] te dek en steeds geld oorlaat om 'n wins te maak.✓[3] (Enige 2) (2)

*Onthou, matig (Verken, p.37; Suksesvol, p.39)*

**6.2 Verduidelik waarom die higiëne van werkers so belangrik is in die werksomgewing.**

- Gereelde was van hande voorkom die verspreiding van moontlike siektes.✓[1]
- Higiëne is baie belangrik sodat werkers veilg en gesond is terwyl hulle werk.✓[2]
- Gesonde werkers verminder afwesighede/ verseker aanhoudende produktiwiteit.✓[3]
- Higiëne verseker netheid in die werkplek wat besmetting deur mikroörganismes in 'n voedselomgewing voorkom/dat garing en kleedstof skoon gehou word.✓[4]
- Om te verseker dat die produkte wat vervaardig word veilig en gesond is vir verbruikers.✓[5]
- Higiëne van 'n individu is ook belangrik sodat ander kollegas nie deur swak higiëne geaffekteer word nie.✓[6] (Enige 3) (3)

*Verstaan, matig (Verken, p.18; Suksesvol, p.22)*

**6.3 Verduidelik hoe gereelde/roetine instandhouding van toerusting tot voordeel van enige besigheid is.**

- Voorkom dat dit onverwags tydens produksie onklaar raak.✓[1]
- Verseker aanhoudende vloei van produksie.✓[2]
- Verminder herstelwerk en onbeplande instandhouding.✓[3]
- Gereelde instandhouding is goedkoper as regstellende instandhouding. ✓[4]
- Sal 'n verlies van inkomste voorkom.✓[5]
- Die lewensduur van die toerusting sal baie langer wees.✓[6]
- Kan ongelukke in die werkplek voorkom.✓[7] (Enige 3) (3)

*Toepassing, matig (Verken, p.25; Suksesvol, p.25)*

**6.4 Verduidelik die doel van voorraadbeheer in 'n besigheid.**

- Om te verseker dat die besigheid nie te veel voorraad aanhou nie✓[1] omdat meer spasie vir voorraad dalk benodig sal word✓[2] en voorraad mag beskadig/ bederf word.✓[3]
- Om kontantvloei probleme te voorkom omdat geld in voorraad vasgevang is.✓[4]
- Om diefstal van voorraad te voorkom.✓[5]
- Produksie sal nie gestaak word omdat daar 'n tekort aan grondstowwe is nie/ as gevolg van 'n tekort aan grondstowwe.✓[6]
- Om te verseker dat die korrekte gehalte/ hoeveelheid grondstowwe aangekoop word.✓[7]
- Om vermorsing te verminder/ voorkom inkomste verlies✓[8]
- Die koste van die opberging van die finale/eindprodukte te minimaliseer.✓[9] (Enige 3) (3)

*Verstaan, matig (Verken, p.19; Suksesvol, p.23)*

**6.5 6.5.1 Verduidelik hoe hierdie besigheid tot stand gekom het.**

- Hy het ‘n bietjie geld gespaar om blomme te koop.✓[1]
- Khanye het mooi blomme bewonder.✓[2]
- Hy het blommerangskikings vir sy aanbiddingsplek begin maak.✓[3] (Enige 2) (2)

*Onthou, maklik (Verken, p.7-8; Suksesvol, p.10-11; Scenario)*

**6.5.2 Identifiseer Khanye se teikenmark**.

- Gemeentelede✓[1]
- Mense wat troues/ partytjies organiseer/ gebeurtenis beplanners✓[2]
- Geskenkwinkels✓[3] (Enige 2) (2)

*Onthou, maklik (Verken, p.34; Suksesvol, p.11; Scenario)*

**6.5.3 Bespreek die volgende faktore wat bygedra het tot die sukses van Khanye se besigheid:**

**(a) Finansiële hulpbronne**

Hy het sy spaargeld (finansies)✓[1] gebruik om blomme te koop toe hy met die besigheid begin het en hoef nie huur te betaal nie.✓[2] (2)

**(b) Beskikbare werksruimte**

Hy het sy ma se eetkamer✓[1] gebruik om die blomme te rangskik en die tuin✓[2] gebruik om groenigheid te kweek. (2)

*Toepassing, maklik (Verken, p.35-36; Suksesvol, p.18, Scenario)*

**6.5.4 Gee die voordele verbonde aan die opleiding van die werklose buurman.**

- Dit skep werksgeleenthede/ inkomste vir die buurman.✓[1]
- Dit is goedkoper om die buurman op te lei as om ‘n professionele bloemis te huur.✓[2]
- Dit verbeter die werkgehalte/ blommerangskikkings.✓[3]
- Dit het produktiwiteit verhoog.✓[4]
- Die buurman kan onafhanklik werk/ verbeterde vaardigheid.✓[5]
- Dit het gehelp om vermorsing van blomme/ verpakkingsmateriaal te verminder.✓[6]
- Dit het die werker/ buurman se moraal/ werksbevrediging verbeter/ die buurman gemotiveer.✓[7] (hom beter oor homself laat voel) (Enige 3) (3)

*Onthou, maklik (Verken, p.25; Suksesvol, p.26)*

**6.5.5 Verduidelik waarom sy besigheid 'n aantrekkingskrag het vir sy kliënte.**

- Khanye hou homself op hoogte van blommerangskikings-neigings✓[1] dus bly hy relevant/ modieus.✓[2]
- Hy rangskik die blomme presies soos sy kliënte dit wil hê✓[3] dit skep kliënte bevrediging/ bevredig kliënte se behoeftes.✓[4]
- Die blomme was altyd vars✓[5] omdat hy dit van 'n plaaslike blommeboer gekoop het.✓[6]
- Die blomme word voeg oor naweke afgelewer✓[7] dus hoef kliente nie geld/ vervoerkoste te bestee vir die afhaal daarvan nie/dis is dit gerieflik vir kliënte.✓[8]
- Hy gebruik 'n verskeidenheid aantreklike verpakkings.✓[9]
- Bio-afbreekbare verpakking is ekovriendelik.✓[10] (Enige 6) (6)

*Toepassing, matig (Verken, p.13; Suksesvol, p.20; Scenario)*

**6.5.6 Verskaf redes vir elk van die volgende:**

**(a) Konstante winsgewendheid regdeur die jaar.**

- Aanbiddingsplek/ gemeentelede koop regdeur die jaar blomme.✓[1]
- Troues/ partytjies vind regdeur die jaar plaas.✓[2]
- Geskenkwinkels word regdeur die jaar bedryf.✓[3] (Enige 2) (2)

**(b) Drastiese toename in winsgewendheid gedurende sekere tye van die jaar.**

- Op Moedersdag/ Valentynsdag koop mense normaalweg meer blomme vir hul geliefdes.✓[1]
- Hy het 'n kontrak met 'n geskenkwinkel gehad om blomme te voorsien.✓[2]
- Daar is meer troues/ partytjies aan die einde van die jaar.✓[3] (Enige 2) (2)

*Toepassing, matig (Verken, p.35; Suksesvol, p.34; Scenario*

**6.5.7 Regverdig die volgende stelling:**

**Khanye is 'n verantwoordelike verbruiker.**

- Khanye gebruik/ hergebruik die blare van die blomme as kunsmis/ kompos✓[1] dus word afval hergebruik.✓[2]
- Hy koop blomme vanaf 'n organiese plaas✓[3] dus dra dit by tot volhoubare verbruik/ bekerming van die omgewing.✓[4]
- Hy gebruik bamboestoutjies✓[5] wat ekovriendelik is/vereis nie plaagdoders/ onkruiddoders/ besoedel nie die grond nie.✓[6]
- Hy kweek sy eie groenigheidkoop✓[7] en koop blomme plaaslik✓[8] wat die behoefte aan vervoer, dus besoedeling verminder/ bydra tot die koolstofvoetspoor.✓[9]
- Khanye gebruik bio-afbreekbare verpakking✓[10] wat nie die omgewing beskadig nie.✓[11] (Enige 8) (8)

*Analisering, moeilik (Verken, p.28; Suksesvol, p.26; Scenario)*

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 160**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou